Saam!

Efesiërs 2:11-22

Inleiding

"Kerk sou fantasties gewees het as dit net nie vir die ander mense was nie." Dis hoe mens partykeer dalk kan voel.

Sien, baie mense hier het 'n band met God, sing vir God, bid tot God. Wil Hom beter leer ken en volg en dien. Dis die gawe deel.
Maar om met die res van die mense, wat ook daarvoor hier is, oor die weg te kom... dis soms vir baie die minder gawe deel.

Mens kan dit ook verstaan. Kerk is dikwels die plek waar mense mekaar beskinder, veroordeel, laat skuldig voel, laat minderwaardig voel en laat seerkry.

Trinitas is 'n verloste familie diensknegte wat gestuur is. Ons fokus hierdie kwartaal daarop dat ons 'n familie van families is. Nie 'n organisasie of 'n instansie nie maar 'n familie. Maar hoe gemaak met die verskille in 'n familie? Hoe dink jy oor die ander mense hier, en oor Trinitas as geloofsfamilie?

Vir rigting gaan ons vandag kyk na Efesiërs 2. Efesiërs was 'n tipe omsendbrief aan kerke wat bedoel was om kerke te help met sake waarmee hulle gesukkel het. Een van die sensitiewe sakies was die verskillende kulture en verskeidenheid mense binne die kerke.

Die klomp nuwe Christene het uit baie verskillende agtergronde gekom. As ons hulle vandag langs mekaar

sou sit sou ons duidelik kon sien hoe verskillend hulle was ten opsigte van taal, kleredrag, kultuur en gewoontes. Hier sit hulle: Saam, ...maar verskillend. En dit is natuurlik 'n resep vir moeilikheid...

Ons gaan uit hierdie gedeelte 'n paar dinge leer oor hoe om te dink en reg te kom in ons saamwees as familie:

- Hou Jesus se werk in gedagte
- Hy het Trinitas een gemaak
- Hy het Trinitas 'n liggaam gemaak
- Ons Trinitas-familie het 'n doel

Hou Jesus se werk in gedagte

Daar is iets wat, as jy dit heeltyd in gedagte hou soos wat jy dink oor jou vreugdes en frustrasies in Trinitas, jou baie sal help.

Vers 11 en 12 sê dat almal in gedagte moet hou wat hulle was. Mense wat een of ander tyd in hulle lewens ver van God af was. Buite was. Sonder God en die lewe, troos en rigting wat uit 'n verhouding met Hom en sy mense kom. Ver van God en ver van mekaar.

Maar dan lees ons in vers 13 en 14, Jesus Christus het hierdie 'ver-wees' verander in 'n 'naby-wees'. Hy het klomp verkillende mense bymekaar gesit deur met sy dood en opstanding almal gelyk te maak voor God.

Die Jode se voorbeeldige lewe wat hulle gedink het hulle beter maak as ander het Hy onder hulle uitgeruk. En Hy het vir hulle en nie-Jode, ewe vol sonde, met dieselfde

genade in dieselfde geloof ‘n pad oopgemaak na God toe.

Vers 17 vat dit so saam: “Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. 18Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.”

Of jy nou ‘n goeie mens was of ‘n slegte mens, sonder Jesus is daar net ver of verder. Dis soos twee mense wat verdrink. Een verdrink 10 meter van die strand af en die ander 100 meter, maar dit maak nie saak nie want al twee verdrink. Maar die gelykmaker wat hoogmoed afbreek is dat al twee genade nodig gehad het.

Wat gee jou geduld in jou frustrasies met ander in jou geloofsfamilie?
Wat behoort die hoogmoed in jou houding bietjie te tem?

- Onthou wat jý was en dat Jesus jou daaruit kom haal het
- Niemand is meer ‘nader’ of ‘verder’ nie
- Jesus se wek is die groot gelykmaker... die nederigmaker

Jesus het ons een gemaak

Maar die Trinitas-familie is meer as net vreemdes wat saam gegooi is. Vers 15 sê dat Jesus eintlik een heeltemal nuwe tipe mens gemaak het. Letterlik staan daar: “sodat die twee een gemaak word, een nuwe voorheen onbekende mens.”

Die taal wat gebruik word is dieselfde as wat ons vandag sou sê hierdie selfoon of daardie rekenaar is die nuutste tegnologie – iets waarvan ons nog nie voorheen gehoor het nie – so is hierdie nuwe tipe mens.

Op 'n manier is al Jesus se dissipels wêreldwyd, Chinees, Tswana of Afrikaans, een nuwe tipe mensegroep wat nog nooit van gehoor is nie.

Hierdie nuwe tipe mens is waarvan God in Jeremia 31:33 al gepraat het: "*[33]Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.*"

Hierdie nuwe tipe mense is mense met God se wil in hulle harte. Mense wat van binne deur God se Gees gelei word en nie van buite af beheer hoef te word deur wette nie.

Hierdie eenheid van ons Trinitas-familie lê daarom nie in "buite-dinge" soos klere, of musikale voorkeure of om almal ewe formeel te wees nie. Ons eenheid lê in "binne-dinge", 'n nuwe tipe hart in 'n nuwe tipe mens.

Om so oor Trinitas te dink behoort almal baie meer verdraagsaam te maak teenoor ander wat hier sit en op die oppervlak baie van jou verskil. Dit behoort ons ook verdraagsaam te maak om nuwe mense wat inkom tuis te laat voel. Ons deel dieselfde nuwe hart.

So, ons moet almal onthou wat ons was, en reg verstaan waarin ons eenheid lê as mense met een en dieselfde binnekant.

Jesus het ons ‘n liggaam gemaak

Maar, sê vers 16 verder, Jesus sit nie al hierdie nuwe tipe mense net saam as dissipel-klone van mekaar nie. Jesus smelt ons saam in een liggaam in. Een lyf. Dit help ons om raak te sien dat die verskille wat ons het bedoel is om ons beter te kan laat saamwerk as familie.

‘n Liggaam is ‘n lewendige ding met al die verskillende stukkies aan mekaar vas. ‘n Lewendige ding wat kan beweeg en werk. En hierdie liggaam wat God aan mekaar smelt uit hierdie nuwe tipe mense noem Hy sý liggaam. Trinitas-familie is ‘n lyf waardeur God wil beweeg en werk.

Nie net verskillende mense in ‘n pot nie, ‘n nuwe liggaam van mense wat mekaar in Jesus ontmoet as die gelykmaker, en wat dan verder saamwerk aan iets groters as net die ek of die jy en ons verskille.

So, voor jy net weer skinder of stoom afblaas oor iemand anders in ons familie se doen en late – onthou wat jy was, onthou waar ons eenheid lê en onthou dat ons verskille bedoel is om ons beter te laat saamwerk vir God.

5 Metafore vir saamwees

Ons lewe in ‘n land en dorp vol kulturele vooroordele, xenofobie, rassisme, verskille, agterdog en gedagtes van wie reg of beter is. Selfs oor skole en buurte klassifiseer ons mekaar. Baie onlangs nog het Trinitas sy eie geskiedenis van ‘n samesmelting en die seer en spanning wat

daarmee saam gaan. Maar die kerk van Jesus, sy dissipel familie in Trinitas, is bedoel om vir die wêreld te wys dat daar ‘n ander manier is van lewe.

Asof Paulus wil seker maak dat hulle hom nie verkeerd verstaan nie gebruik hy verder 5 beelde wat op mekaar bou om te verduidelik hoe dissipels se saamwees bedoel is om te werk vir God om sigbaar te word en genesing te bring in ‘n uitmekaargeskeurde Vanderbijlpark.
Hy praat van: Medeburgers, huisgenote, gebou, tempel en woning.

In elkeen van hierdie sien ons iets anders oor ons verskillend-wees maar saamwees as familie van families. Kom ons kyk gou:

Medeburgers van die hieliges – Een sisteem. Mense wat as dieselfde geklasifieer kan word. Deel van dieselfde groep en die ooreenkoms is die heiliges die ‘wat afgesonder is vir spesiale diens’- Almal is dus afgesonderdes vir Spesiale gebruik/doel – almal vir God se doel!

Lede van God se huisgesin – Nie net ‘n groot groep nie, maar ‘n intieme huisgesin wat saam deel, mekaar voor omgee en mekaar oppas.

Gebou op ‘n fandament – Ons is saam soos ‘n gebou met Christus as hoeksteen, kleiner deeltjies van ‘n groter saak. Dit wat ons oor Jesus weet en glo. Ons is dus saam maar dit gaan nie oor ons nie.

Tempel – Ons is saam besig om al hoe meer soos ‘n tempel te word, Dit gaan nie oor die gebou op die hoek van

Pietersen en Piet Retief nie. Maar ons bande met mekaar word ‘n plek waar die Here God gesien en geken en aanbid kan word. As mens na God toe wil gaan kan hulle na ons toe kom. Ingrypend!

Woning – Trinitas se dissipel-familie is nie net ‘n tempel waar mense weer met God in kontak kan kom nie, maar ook ‘n plek waar God se Gees woon en werk in die wêreld. Maandag oggend klim God saam met jou in die kar en ry werk toe.

Interessant is dat die werkwoorde hier deelwoorde is. Dit beteken dat Trinitas hierdie dinge is, maar ook heeltyd besig is om dit meer en meer te word. En dis beslis waarheen ons op pad is as ‘n verloste familie van diensknegte wat gestuur is.

Maar hoekom?
Hoekom sulke verskillende mense laat ‘saamwees’ op ‘n pad?
As mens tog iets wou probeer regkry lyk die klomp verskillende mense eerder na ‘n dom plan as ‘n slim plan.
Hoekom doen God dit?

Jesus het ‘n doel met ons familie

Dit verduidelik Paulus in hoofstuk 3. Hy vertel hier van sy bediening, juis aan nie-Jode, en verduidelik in vers 9 hoekom God so werk:

“Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het. [10]Maar nou het God

<u>die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word</u> aan elke mag en gesag in die hemelruim, [11]soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring.

Ons saam wees as verskillende mense maar tog eintlik een tipe mens in ons harte het 'n belangrike doel. Dit was nie 'n dom plan van God nie maar 'n baie slim plan!

Letterlik staan daar dat die kerk vertel van: "God se groot wysheid in verskillende vorme."

God wil deur elke kerk, ook Trinitas, vir alles en almal in die hemel en op die aarde wys dat Hy 'n klomp verlore mense wat baie verskillend is, lewe kan gee en kan laat saamwerk in liefde as 'n eenheid met een hart en een strewe as sy liggaam vir sy groot doel.

Trinitas se saamwees, en ons harde werk daarvoor, weerkaats wie God is as die Een wat binnekante nuutmaak, nuwe lewe gee en in vrede laat saamwoon. Iets wat hoop kan gee vir ons verskeurde Vanderbijlpark. Iets waaraan ons almal nodig het om hard te werk.

Slot

So, voor jy net weer skinder of stoom afblaas oor iemand anders in ons familie se doen en late:

- onthou wat jy was en Jesus se gelykmaker werk vir julle al twee
- onthou waar ons eenheid lê in binne-dinge

- en onthou dat ons verskille bedoel is om ons beter te laat saamwerk vir God.

Dink oor hoe jy oor Trinitas dink.
Dink oor jou houding.
Dis nie maar net nog ‘n kerk nie.
Jou verhoudinge met die ander mense hier is ‘n stuk gereedskap in God se hand.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
10 Mei 2015